# DIE PROJEKMETODE

deur

MEJ. C. MOERDYK,

*Hoof, Die Trap-der-Jeugd Juniorskool, Johannesburg.*

DIE projek is 'n praktiese metode wat dit moontlik maak om die leervakke in die skool meer lewend te maak en van die leerlinge meer selfstandige en oorspronklike werk te kry.

Dit is nie 'n besondere teorie of leerstelling nie. Dit is die alledaagse skoolwerk wat met enige klas gedoen kan word aan enige tipe skool om aan te pas by sy eie aard en omstandighede.

Daarom is daar geen gegewe tegniek of spesiale voorskrifte wat slaafs gevolg moet word nie.

Daar is slegs twee punte van verskil en dit lê net in die manier waarop die onderwys en opvoeding, die kind en die leerstof benader word.

*Die Kind.*

ENIGIETS wat groei, put self om groeikrag en groei na eie aard.

Daar opvoeding en onderwys en alle ware ontwikkeling innerlike groei deur eie pogings beteken, kan daar maar min geloof geheg word aan die doserende tipe van onderwys wat passiwiteit by die kind in die hand werk en hoofsaaklik sy memoriseervermoë ontwikkel.

Met die projekmetode word daarenteen geglo dat die onderwys op so 'n manier georganiseer moet word dat dit aanleiding gee tot spontane selfdink — en selfdoen reaksies, wat op hulle beurt weer in diens staan van die drang tot selfvorming en selfleer in die kind.

*Die leerstof.*

WAAR die leerplan wat nou in die skole in gebruik is, verdeel is in aparte vakke wat los van mekaar staan, word in die projek al die vakke saamgesnoer onder een enkele tema wat die draer word van al die leerstof.

Die isolering van vakke in aparte kompartemente maak die leerstof doods en lewensloos. Die vermenging van die vakke skep 'n natuurlike korrelasie, wat die stof lewend en interessant hou en die belangsteling van die kind stimuleer.

Die lewe is 'n kulminasie van klein en groot projekte, elk met die inherente wonderstruktuur en patroon van die lewe as geheel nl. dat niks geïsoleerd staan of kan bestaan nie, en dat niks in isolasie reg geken

en verstaan kan word nie. Alles hou verband en vorm 'n geheel.

Die projek maak gebruik van die lewenspatroon deur al die vakke onder een tema te bring.

Alhoewel elke ding eiesoortig van aard is, is daar 'n verbondenheid en afhanklike samehang tussen alle dinge, wat die basis vorm van alle lering en wete.

Kumulatief is hierdie noue verwantskap niks anders as korrelasie in sy natuurlike vorm nie en dit is die leerproses van die lewe. Die projekmetode maak gebruik van hierdie globale leerproses.

Die baba groei op in sy ouerhuis en sy lering en ontwikkeling geskied onbewus en globaal. Vermoëns en gewoontes ontstaan uit die chaos van lewe om hom, en in die globale leerproses het hy so ontwikkel dat hy op vyfjarige leeftyd 'n redelike mate van volwassenheid bekom het.

Die toepassing van hierdie globale leerproses in die skool word die projek genoem.

Enigiets kan diens doen as projektema, maar as die projekmetode toegepas word by geskiedenis dan word geskiedenis die draer van al die ander vakke en gevolglik ook draer van die globale lering. Geskiedenis word dan nie as los en aparte vak doseer nie, maar is die tema of die middel wat al die ander vakke in en deur homself saamweef tot die geheel.

Die tema word gewoonweg verwerk en in die eenvoudige verwerking van die stof sal die korrelasie op 'n natuurlike manier geskied.

Die verloop van enige geskiedkundige tema sal outomaties al die vakke, wat volgens Departementele kode apart neergelê is, nie alleen dek nie, maar sal 'n breër en meer sinvolle ontwikkeling meebring Alle handwerk, tekene, grammatika, poësie, alle taalvorme, Aardrykskunde, Natuurkennis, ens. is natuurlike uitvloeisels van die tema self.

Geskiedenis as vak leen homself besonder goed tot die projekmetode, omdat geskiedenis die lewe is, wat homself net weer variërend herhaal.

Geskiedenis het die verhaal-trant, wat bydra om die geheel te bewaar. Dit sluit in Godsdiens, karakters, helde, leiers, verhale, volkstradisies, ens. wat vir die kind aantreklik is en heilsaam vir sy ontwikkeling en opvoeding.

In die ryke kontrasterende toestande van die verlede en die hede, soos Geskiedenis dit alleen kan weergee, en in die wisselende geografiese panoramas wat so 'n ryke verskeidenheid van gegewens bied, lê al die sillabusse en lering toegevou.

Nie alleen kan insidente of grepe soos bv. Dirkie Uys, Die Makapaan-grotte, Piet Retief, of meer aaneenlopende gedeeltes soos bv. Paul Kruger as kind, Trekker en President, gekies word nie, maar ook die hele verloop van die Groot Trek, kan diens doen as tema.

## PROJEKTEMA: DIE GROOT TREK. ST. 1

*Die Projek bestaan uit:*

1. *'n Omraamde projekbord* 16 vt. x 5 vt. wat dien om die tema in beeld weer te gee. Dit help om die eenheid te bewaar en dien as 'n stimulus by die verwerking van die leerstof. Die bord kan aan die begin blank wees, en net die kaart van Suid-Afrika aantoon. Die verhaal kan by die drie seilskepies begin of daar kan aangeknoop word by enige punt van belangstelling. Soos die Geskiedenis geleidelik ontwikkel, word ook die verskillende tonele geleidelik in beeld op die projekbord aangebring. Die hele tema kan ook vooraf in hooftrekke op die bord aangebring word en die stof word verwerk al na gelang die tema by die klas ontwikkel, en hulle belangstelling gaande gemaak word.

2. *Die Projekboeke.* (Skrifte van die leerlinge). Die verwerking van die leerstof soos uitgebeeld op die projekbord, word weerspieël in die werk — of projekboeke (gewone skrifte) en toon hoe die handwerk, tekene, naaldwerk, taal, sinne, opstelle, briewe, ens., voortvloei uit die projek.

Alleen die kind se eie en oorspronklike uitbeelding en weergawe word aanvaar en daarop word gebou.

Dit bring mee dat alle werk oorspronklik is en dat daar sodoende 'n verskeidenheid van opstelle, briewe en weergawes van werk is.

3. *Die Projekalbum.* Dit is 'n album 15 dm. x 13 dm. en het 48 blaaie. Hierin word voorbeelde van alle werk wat deur die leerlinge gedoen is, geplak. Dit is 'n weergawe in beeld van al hulle pogings en hoe die belangstelling verloop het. Voorbeelde van briewe, opstelle, versamelings, handwerk, naaldwerk, illustrasies, prente, ens., word daarin geplaas om die verwerking van die tema te toon.

Dit is 'n opsomming in boekvorm van die projektema, en kan later weer diens doen as naslaanboek of leesmateriaal vir ander klasse. So kan 'n eie kinder-referensie-biblioteek in die skool ontstaan.

## BESKRYWING VAN DIE KOMPONENTE

*Die Geselsie:*

DEUR middel van 'n algemene geselsie word die hoofaanbieding van die belangrikste stof gedoen.

Hier is dit die besielende persoonlikheid van die onderwyser/es wat geld. Die geesdrif van die leerlinge word geprikkel en die gordyne van die onderwys word hier wyd oopgeskuif sodat die kind 'n visie en 'n begrip kan kry van wat gaande is.




*Projekbord die Geskiedenistema „Die Groot beeld.*

*Mondelinge Opstel:*

HIERDIE deel is ewe afhanklik van die persoonlikheid van die onderwyser/es. Die gedeelte is baie waardevol en belangrik omdat die kind hier 'n geleentheid kry om hom te openbaar en 'n kans kry om te reageer.

Hier kry ook die onderwyser/es die eerste gegewens, bv. in hoeverre hulle belangstelling geprikkel is en of hulle begryp. Met hierdie gegewens word verder gewerk en dit vorm die basis waarop gebou word.

Dit is belangrik om te onthou dat die reaksie van die leerlinge altyd die verdere verloop en leiding verskaf.

*Godsdiens:*

IN die geskiedenis en veral die geskiedenis van Die Groot Trek is daar nie slegs talle geleenthede waar aangeknoop kan word by Godsdiens nie, maar waar Godsdiens-onderrig natuurlikerwyse voortvloei uit die aard van die verhaal self.

Die gevare wat die Trekkers deurgemaak het kan deur hulle verstaan en kinderlik beleef word. Hulle kan 'n idee vorm van wat die abstrakte begrippe beskerming, bewaring en redding inhou. Die godsdienstige lewe van die Trekkers leen homself daartoe dat Psalms en Gesange, die lees van die Bybel en die Bybel as boek self lewend word. Vertroue en geloof, hoop en al die Christelike deugde van die Trekkers kom baie prominent na vore in die verloop van die tema, en deur kennis daarmee te maak op hierdie manier, is dit vir hulle baie meer verstaanbaar. Deur die projek kan dit ingang vind en tot hulle gemoed spreek.

*Taal:*

'N GROOT woordeskat, enkel- en meervoude, teëstellings en sinonieme, verkleinwoorde, die trappe van vergelyking, teenwoordige en verlede tyd, alle taalvorme, spreekwoorde, beeldspraak en selfs styl kan geput word uit die breë veld van die tema in sy verskillende vertakkinge. Die hele taal lê omsluit in die geskiedenis.

Die enigste verskil is dat daar nie spesiale grammatika oefeninge gegee word nie, maar dat die taalvorme globaal in die teks-verband binne die tema behandel word.

Aparte grammatika-oefeninge doen skade aan die taal, terwyl dit nie gebeur as die taalvorme binne die projek behandel word nie.

*Die Opstel:*

DIE oorspronklike weergawe van gedeeltes uit die tema in opstelvorm is die mees gevorderde werk wat van die leerlinge verkry kan word. Die stof van die opstelle word nie vooraf as opstelle behandel nie.

Die opstelle is en bly altyd hulle oorspronklike weergawe van

die stof in die tema, waar hulle dan met die skryf van die opstelle elke keer die geleentheid kry om te toon in hoeverre die taal as middel hulle in staat stel om uitdrukking te gee aan hulle gedagtes en gevoelens, daar dit die enigste doel van taal is.

Die kenmerkende van die projek-opstelle is die groot verskeidenheid van oorspronklike weergawe van dieselfde stof wat behandel is. Ander uitstaande punte is dat daar deurgaans volledige sinne is, logiese denke in die samestellings van die hele opstel, bondigheid van sinsbou, vol lewe, dikwels geskryf in realistiese geselstrant, vry en ongeforseerd, oorspronklik en met min spelfoute.

*Lees:*

OMDAT die kind belangstel in die tema, sal alle leesstof wat betrekking het op die tema graag deur die kind gelees word. Die lees steun dus die geskiedenis-tema, maar die geskiedenis-tema steun op sy beurt die lees. Daar is egter min leesstof beskikbaar wat eenvoudig genoeg is. Min geskikte biblioteekboekies oor die geskiedenis-verhale, die helde, die Trekkerslewe, die Trekker-kinders, die inboorlinge en hulle gewoontes, die velde, riviere en wild, is egter huidig beskikbaar.

Die projekmetode prikkel die lus om te lees en dit is moontlik dat die projekmetode dit kan meebring dat die opstelletjies van die kinders nog die weg kan baan tot daardie biblioteekboekies. Prenteboekies oor die verskillende aspekte in die tema vir die heel kleintjies kan hulle begin-leesboekies wees, soos hulle eie illustrasies hulle begin-opstelletjies is.

Dit is ’n normale gebruik in die projek dat baie van die geslaagde opstelle voorgelees word; dikwels lees die kind self sy eie opstel voor. Hierdie lees binne in die praktyk van eie leesmateriaal, het dié voordeel dat die lees daarvan die weergawe van eie gedagtes, gevoelens en kennis is.

Die projek is daarom by uitstek die aangewese metode om die basis te vorm vir die regte gesindheid en begrip van die geskrewe woord. Ook die gesamentlike album waarin die voorbeelde van hulle werk gesit is, word die groot referensie-boek wat later as naslaanboek gebruik word.

*Resitasie:*

DIT is ’n erkende feit dat wanneer ’n versie of gedig gememoriseer moet word, dit uiters belangrik is dat die inhoud en verband eers reg verstaan en aangevoel moet word.

Daar die resitasies wat gekies word by die toepassing van die projekmetode altyd vloei uit die projekmateriaal, spreek dit vanself dat die inhoud en die verband dus altyd deeglik versorg is.

As ’n geskiedenistema gekies word vir die projek, beteken dit nie dat alle resitasies noodwendig geskiedkundige materiaal-inhoud moet

hê nie. Omdat enige projektema al die vakke behels kan die resitasies betrekking hê op enige van die aspekte wat dit raak. Die projekmetode bring slegs mee dat juis die ideale toestand geskep word, nl. dat die resitasie wat gewoonlik baie kernagtig is, dan binne die teksverband lê en van alle sye daardeur belig word.

Deur die assosiasies en belangstelling is daar dan ook sin en lewe in die resitasie. Resitasie kan dan nooit 'n aantal reëls wees wat van buite geleer word nie, maar word dan die rype vrug van die taal wat hulle kan geniet.

*Natuurkennis en Aardrykskunde:*

NATUURKENNIS en Aardrykskunde vind hulle mees natuurlike verband en beste verduideliking as dit onderrig word deur die tema self.

Die geskiedkundige verhaal is in werklikheid Natuurkennis en Aardrykskunde, in hulle regte verband en teen die regte agtergrond geplaas.

Van plek tot plek is die natuurkundige en aardrykskundige data deel van die beïnvloedende faktore vir die verdere verloop van die geskiedkundige verhaal, saamgeweef en samehangend soos dit hoort.

Die kind kry op hierdie manier 'n breër visie en beter besef.

Natuurkennis word dan iets meer as net soorte blaarvorms, en aardrykskunde meer as net die name van dorpe en riviere. Daar het dinge gebeur, of dit was die oorsaak dat daar iets gebeur het, en dit is die assosiasies wat die lering verskaf.

Die vakke word dan geken in die ruimere sin, nl. nie net hulle bestaan nie, maar wel die invloedryke rol wat hulle speel.

*Handwerk, Kunsvlyt, Tekene en Naaldwerk:*

UIT die aard van die saak word by die projek net die handwerk, kunsvlyt, tekene en naaldwerk gedoen wat in verband met die tema staan. Slegs die dinge wat nodig is vir die aanskoulike uitbeelding van die projekboeke, album of die projekbord, word gemaak asook die dinge wat hulle belangstelling geniet, en waaraan hulle uitdrukking wil gee. Daarom sal dit altyd gemotiveerd wees.

Daar is talle artikels en dinge wat gemaak en geïllustreer kan word.

Hulle kan bv. stroppe draai, jukke en skeie uitsny, swepe maak, vetkerse, laslappie-kombersies, kledingstukkies soos kappies, voorskote, kleiosse, waentjies, soorte baarde, ens.

Deur daardie artikels te maak wat binne die geskiedenis-tema lê, word die gevorderdheid van hulle eie samelewing wat geriewe en voorregte betref, baie duidelik. Hierdie feite spreek dan vanself, en het baie min direkte dosering nodig.

Hulle leer verstaan dat alle dinge 'n doel dien en ook dat diensbaarheid bestaan het, of nog bestaan.

Daarom is die algemene ontwikkeling deur die projek baie breër.

Deur die projek begryp die leerlinge meer as wat in woorde verkondig word.

*Sang:*

PSALMS en Gesange, Volkspele- en ou boereliedjies, piekniekliedjies, moderne liedjies wat verband hou met die tema, bied 'n ryke verskeidenheid.

'n Diens soos die Trekkers dit gehou het, kan op 'n baie eenvoudige en effektiewe wyse gedramatiseer word.

Eerbiedig in 'n kring, kan 'n gedeelte gelees word, en die klas kan as gemeente dan die psalm of gesang sing. In hierdie dramatisering kan die erns en verhewenheid maklik bewaar word. Sonder veel gedoe en moeite kan vrolike volkspele- en piekniekliedjies om die vuur langs die wa gespeel word. As die meisies 'n doek om die kop het en iets vir 'n voorskoot, en die seuns hulle hoede styf en diep op die kop gedruk het, is die atmosfeer reeds geskep. Gemotiveerde sang, binne die groot verband wat die juiste improvisasie meebring, verskaf groot genot, belewing en ontspanning.

*Gesondheidsleer:*

DIT is vanselfsprekend dat die geriewe en middels wat daar vandag tot beskikking is van skoonheid en gesondheid, in skerpe kontras staan met dié van die Trekkers. Aan die anderkant het die Trekkers die voordele van vars lug en buitelewe, onbesmette waters, natuurlike ontspanning, ens., gehad, in teenstelling met die toestande van vandag, veral in die stede. Deur die besprekings van hoe die Trekkers in die verlede, en hoe ons vandag, elk die voordele geniet en die nadele bestry, moet dit vir die kind duidelik word dat dit nie die omstandighede is wat die alleen-rol speel nie — maar wat die mens self in hierdie verband doen, en is.

*Dramatisering of Uitstappie:*

GEDEELTES van die temastof kan ook binnens- of buitenshuis gedramatiseer word.

Bygaande foto is in werklikheid 'n uitstappie wat vir die kinders en deur die kinders georganiseer was.

Die idee is dat die kinders in so 'n geval hulleself dan aantrek soos Trekkers met baarde, voortrekkerklere, sannas, kappies, pype, ens. Daar word 'n vuur gemaak, koffie en melk gedrink, wors gebraai, gejag, brandwag gespeel, boereliedjies gesing en speletjies soos jukskei, ens., gespeel.

Dit is 'n halfdag van vrye dramatisering en belewing van die Voortrekkerlewe in die opelug. Die kinders geniet die uitstappie en omdat hulle so Voortrekkers speel, steun dit die tema en bied dit weer baie stof vir verwerking in opstelle en handwerk soos dit voortvloei uit die belewing.

## 'N SUGGESTIE OM GESKIEDENIS IN STANDERDS 9 EN 10 TE LAAT HERLEEF

deur

J. P. OLIVIER

DIT is reeds 'n gemeenplaas dat geskiedenis as studievak in sts. 9 en 10 aan die uitsterf is. As in aanmerking geneem word dat met die uittog van geskiedenis een van die heerlikste kultuurvakke van die st. 10-toneel sal verdwyn, behoort elke denkende onderwyser te besef dat die tyd aangebreek het om die hand aan die ploeg te slaan en te probeer voorkom dat so 'n ramp ons opvoeding tref.

Vir jare was geskiedenis 'n verpligte vak tot st. 10. Dat dit nog altyd 'n vak was waarvoor sowel leerlinge as onderwysers min sinnigheid gehad het, ly g'n twyfel nie. Trouens alle onderwysers wat in voeling met hul leerlinge is, weet dat min vakke soveel studietyd verg as geskiedenis en dat ten spyte daarvan kandidate in die st. 10-eksamen loshand swakste in dié vak vaar.

Dit is dan ook te begrype dat toe skole enige jare gelede ooreenkomstig die differensiasiebeleid van die Departement, biologie, aardrykskunde, houtwerk, ens., as keusevakke i.p.v. geskiedenis aangebied het, die doodsklok van die vak stadig begin lui het.

Die renons wat die deursnee-leerling in die st. 10-geskiedenisleerplan het, moet o.a. gewyt word aan

(1) 'n verkapte leerplan wat grotendeels in die lug hang en wat die leerling nie in staat stel om hom te oriënteer t.o.v. die herkoms en ontwikkeling van die westerling nie;

(2) die feit dat so 'n magdom van onnodige feite en datums gememoriseer moet word om by benadering in staat te wees om vrae van 'n onbekende eksaminator te kan beantwoord, ten gevolge waarvan leerlinge die vak begin wantrou;